basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

MUSIEK V2

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 30

TYD: 1½ uur

SENTRUMNOMMER:

EKSAMENNOMMER:

SLEGS VIR AMPTELIKE GEBRUIK												
PUNTE VERWERF					GEMODEREER							
VRAAG	NASIENER				SN/OHN			HN			IM		
	MAKS	PUNTE		PAR	PUNTE		PAR	PUNTE		PAR	PUNTE		PAR
		10	1		10	1		10	1		10	1	
1	4												
2	4												
3/4/5	14												
6	8												
TOTAAL	30												

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye en 1 vel manuskrippapier.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gehoor (8)
   AFDELING B: Herkenning van Musiekkonsepte (14)
   AFDELING C: Vormanalise (8)

2. VRAAG 1, VRAAG 2 en VRAAG 6 is VERPLIGTEND.

3. Beantwoord verder ook VRAAG 3: Inheemse Afrika-musiek (IAM) **OF** VRAAG 4: Jazz **OF** VRAAG 5: Westerse Kunsmusiek (WKM).

4. Skryf AL jou antwoorde op hierdie vraestel. Gebruik 'n potlood vir musieknotasie en blou of swart ink vir die ander antwoorde.

5. Hierdie eksamen sal afgelê word terwyl kandidate na musieksnitte luister.

6. Die musiekonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die eksamentoesighouer afneem.

7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag NIE hierdie bladsy verwyder NIE.

8. Kandidate mag vir die duur van die eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.

9. Kandidate moet let op die puntetoekenning by elke vraag om genoeg inligting in hulle antwoorde te verskaf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

SLEGS VIR AMPTELIKE GEBRUIK		SLEGS VIR AMPTELIKE GEBRUIK	
PUNTE VERWERF		PUNTE VERWERF	
VRAAG	NASIEN – Eksterne moderator MAKS / PUNTE (10 / 1) / PAR		HERNASIEN MAKS / PUNTE (10 / 1) / PAR
1	4		4	
2	4		4	
3/4/5	14		14	
6	8		8	
TOTAAL	30		30	

INSTRUKSIES AAN DIE PERSOON WAT MET DIE KLANKTOERUSTING WERK

1. Laat kandidate toe om eers elke vraag te lees en speel dan die betrokke snit.

2. Maak seker dat die nommer van die snit elke keer duidelik aangekondig word voordat die snit gespeel word.

3. Elke musiekuittreksel (snit) moet die aantal kere gespeel word soos dit in elke raampie gespesifiseer word.

4. Waar die instruksie, '… ná mekaar' NIE gegee word NIE, moet genoeg tyd tussen die speel van snitte toegelaat word sodat kandidate tyd het om te dink en hulle antwoorde neer te skryf voordat 'n snit herhaal word OF die volgende snit gespeel word.

5. Indien 'n skool meer as een stroom (Inheemse Afrika-musiek (IAM), Jazz of Westerse Kunsmusiek (WKM)) aanbied, moet die volgende riglyne gevolg word:
   - Elke stroom moet die eksamen in 'n aparte lokaal aflê.
   - Elke lokaal moet met geskikte klanktoerusting toegerus wees.
   - Elke lokaal moet sy eie mediatoestel met musiekuittreksels hê.
   - 'n Eksamentoesighouer moet in elke lokaal teenwoordig wees.

6. Die snitte moet soos volg gespeel word:
   - IAM-kandidate: Snit 1 tot 17 en Snit 35
   - JAZZ-kandidate: Snit 1 tot 9, Snit 18 tot 25 en Snit 35
   - WKM-kandidate: Snit 1 tot 9 en Snit 26 tot 35

AFDELING A: GEHOOR (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

Speel Snit 1 TWEE keer ná mekaar.

1.1 Noteer en voltooi die ritme van die ontbrekende note in maat 3 en 4.



(6 x ½) (3)

Speel Snit 1 weer.

Speel Snit 2 TWEE keer ná mekaar.

1.2 Noteer die ontbrekende note by (A) en (B) in balk- of solfanotasie.



(2 x ½) (1)

Speel Snit 2 weer.

[4]

VRAAG 2

2.1 Identifiseer die kadense aan die einde van ELK van die volgende TWEE uittreksels.

Speel Snit 3 DRIE keer ná mekaar.

2.1.1 **Snit 3:** _____ (1)

Speel Snit 4 DRIE keer ná mekaar.

2.1.2 **Snit 4:** _____ (1)

2.2 Beantwoord die volgende vrae deur 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie te maak.

Speel Snit 5 TWEE keer ná mekaar.

2.2.1 Watter EEN van die volgende beskryf die tekstuur?

KOLOM A	ANTWOORD
Polifonies	
Monofonies	
Homofonies	

(1)

Speel Snit 6 TWEE keer ná mekaar.

2.2.2 Watter EEN van die volgende beskryf die metrum?

KOLOM A	ANTWOORD
Drieslagmaat	
Vierslagmaat	
Onreëlmatige tydmaat	
Tweeslagmaat	

(1)

Speel Snit 7 TWEE keer ná mekaar.

2.2.3 Identifiseer die mees prominente ritmiese kenmerk/middel.

KOLOM A	ANTWOORD
Sinkopasie	
Vergroting	
Sekwens	

(1)

Speel Snit 8 DRIE keer ná mekaar.

2.3 Dui DRIE beskrywings in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 8 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Herhalende ritmiese patroon in djembe-passasies	
TTBB	
A cappella-passasies vir die basstemme	
Liggaamsperkussie en herhalende melodiese passasies	
Opgaande koorsekwense met djembe	
A cappella-sang in die laaste frase	
Accelerando- en monofoniese passasies	
SATB	
Pentatoniese koorpassasies	

(3 x 1) (3)
(8 ÷ 2) **[4]**

TOTAAL AFDELING A: 8

AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKKONSEPTE

Beantwoord VRAAG 3 (IAM)
OF VRAAG 4 (JAZZ)
OF VRAAG 5 (WKM).

VRAAG 3: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)

3.1 Luister na die volgende snitte. Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 9 EN 10 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies vir ELKE snit.

Speel Snit 9 DRIE keer ná mekaar.

3.1.1 **Snit 9**

KOLOM A	ANTWOORD
Mannekoor in majeur toonsoort	
A cappella met liggaamsperkussie	
Homofoniese tekstuur regdeur	
Enkelvoudige drieslagmaat	
Gesinkopeerde ritme in die melodie	
Roep en antwoord	
Herhalende motiewe	
Saamgestelde tweeslagmaat	

(3 x 1) (3)

Speel Snit 10 DRIE keer ná mekaar.

3.1.2 **Snit 10**

KOLOM A	ANTWOORD
Ululasie	
Tromme en mbira	
Liggaamsperkussie	
Vierstemmige sang	
Ostinato op die marimba	
TTBB	
Manlike hoofsanger gevolg deur vroulike hoofsanger	
Tussenspele wat gefluit word	

(3 x 1) (3)

Speel Snit 11 DRIE keer ná mekaar.

3.2 Beskryf die volgende DRIE musiekkenmerke (3.2.1 tot 3.2.3) wat in hierdie uittreksel gehoor word.

3.2.1 Prominente komposisietegniek

_____

3.2.2 Die hoofinstrument wat deur die hele uittreksel speel

_____

3.2.3 Vokale tegniek

_____

(3 x 1) (3)

Speel Snit 12 TWEE keer.

3.3 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

3.3.1 Watter styl word in hierdie uittreksel verteenwoordig?

_____ (1)

3.3.2 Kies VIER items uit KOLOM A wat die musiek wat jy hoor, die beste beskryf. Maak 'n kruisie (X) in VIER toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Vokale skepnote/glysang	
Isicathamiya	
Ululasie	
Ukupika deur leierkitaarspeler	
Akkoordsiklus van I – IV – V	
Izibongo	
Izihlabo	
Saamgestelde tydmaat	
Baskitaar is prominent	

(4 x 1) (4)

Speel Snit 13 TWEE keer.

3.4 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

3.4.1 Noem die sanger wat in hierdie uittreksel sing.

_____ (1)

3.4.2 Beskryf die gebruik van izibongo in hierdie uittreksel.

_____

_____

_____

(2 x 1) (2)

Speel Snit 14 TWEE keer.

3.5 Watter mbaqanga-styleienskappe hoor jy in hierdie uittreksel? Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 14 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Voortstuwende blues-styl op die kitaar	
Bastrom ('Kick drum') dui die hoofmaatslae aan	
Inleiding op klawerbord	
Reëlmatige drie-maat-frases	
Saamgestelde metrum in vokale party	
Herhaalde melodiese frase	
Herhaalde melodiese patroon op kitaar	
Manlike hoofsanger	

(3 x 1) (3)

Speel Snit 15 TWEE keer.

3.6 Dui aan of die volgende stellings wat die uittreksel beskryf WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs (a) en (b) hieronder.

STELLING	ANTWOORD
(a) Die melodie is op die pentatoniese toonleer gebaseer.	
(b) Die uittreksel word met 'n sterk vierslagpols gespeel.	

(2 x 1) (2)

Speel Snit 16 TWEE keer.

3.7 Beskryf die volgende items (3.7.1 tot 3.7.4) wat jy in hierdie uittreksel hoor.

3.7.1 Vokale tegniek

_____

_____

3.7.2 Tydmaatteken

_____

3.7.3 Harmoniese progressie

_____

3.7.4 Tekstuur

_____

_____

(4 x 1) (4)

Speel Snit 17 TWEE keer.

3.8 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

3.8.1 Identifiseer die styl van hierdie lied.

_____ (1)

3.8.2 Noem 'n kunstenaar wat met hierdie styl geassosieer word.

_____ (1)

(28 ÷ 2) **[14]**

TOTAAL AFDELING B: 14

OF

VRAAG 4: JAZZ

4.1 Luister na die volgende snitte. Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 18 EN 19 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies vir ELKE snit.

Speel Snit 18 DRIE keer ná mekaar.

4.1.1 **Snit 18**

KOLOM A	ANTWOORD
Oktaafspronge in manstem	
Sekwensiële beweging van motief	
Roep en antwoord	
Die saksofoon roep en die orkes antwoord	
Die koperblasers speel 'n rein/volmaakte 5de interval in die inleiding	
Dissonante akkoorde en geaksentueerde melodiese lyn	
Legato-artikulasie met aksente	
'Ride'-simbaal is prominent	

(3 x 1) (3)

Speel Snit 19 DRIE keer ná mekaar.

4.1.2 **Snit 19**

KOLOM A	ANTWOORD
Mineur toonsoort in 'n stadige tempo	
A cappella in 'n gesangagtige lied	
Polifonies geteksture erde lied in 'n matige tempo	
Klusterakkoord-stemvoering	
Tranquillo	
Sang in monofoniese tekstuur	
Meestal sillabiese sang in vierslagmaat	
Scat-sang in drieslagmaat	

(3 x 1) (3)

Speel Snit 20 TWEE keer.

4.2 Beskryf DRIE van die volgende musiekkenmerke (4.2.1 tot 4.2.4) wat in hierdie uittreksel gehoor word.

4.2.1 Prominente komposisietegniek

_____

_____

4.2.2 Begeleiding

_____

4.2.3 Frasestruktuur

_____

4.2.4 Melodie

_____

(3 x 1) (3)

Speel Snit 21 TWEE keer.

4.3 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

4.3.1 Skryf die naam neer van die kunstenaar wat jy in hierdie uittreksel hoor.

_____ (1)

4.3.2 Kies DRIE items uit KOLOM A wat die musiek wat jy hoor, die beste beskryf. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Die gebroke akkoord(arpeggio)-inleiding word op die tonika gebou	
Afgaande sekwensiële melodiese beweging	
Sanger sing blou note	
Die gebroke akkoord(arpeggio)-inleiding word op die dominant gebou	
Die baskitaar speel op elke kwartnootslag	
Legato-sang met vibrato	
Ballade-styl met ♩= 60	
Onreëlmatige frasestruktuur	
Vokale scat-sang	

(3 x 1) (3)

Speel Snit 22 TWEE keer.

4.4 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

4.4.1 Noem die prominente ritmiese eienskap in hierdie uittreksel.

_____ (1)

4.4.2 Watter styl word in hierdie uittreksel verteenwoordig?

_____ (1)

4.4.3 Beskryf die gebruik van *roep en antwoord* in hierdie uittreksel.

_____

_____ (2)

Speel Snit 23 TWEE keer.

4.5 Kies DRIE items uit KOLOM A wat met die musiek in Snit 23 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Avant-garde jazz-invloede	
Koperblaasseksie bestaan uit fluit, klarinet en tenoorsaksofoon	
Inleiding in reëlmatige metrum	
Koperblaasseksie bestaan uit trompette, altsaksofoon en tromboon	
Bestaan uit twee gesinkopeerde motiewe	
Inleiding bevat kort, onreëlmatige frases	
Big band met horing- en ritmeseksie	
Geaksentueerde akkoord-'stabs' in die horingseksie	

(3 x 1) (3)

Speel Snit 24 TWEE keer.

4.6 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

4.6.1 Gee die titel van die stuk waaruit hierdie uittreksel geneem is.

_____ (1)

4.6.2 Dui aan of die volgende stellings wat die uittreksel beskryf WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs (a) en (b) hieronder.

STELLING	ANTWOORD
(a) Die uittreksel het invloede van mbaqanga en kwêla.	
(b) Die uittreksel bevat 'n blues-akkoord-progressie.	

(2 x 1) (2)

Speel Snit 25 DRIE keer ná mekaar.

4.7 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

4.7.1 Beskryf die *ritme* van die ritmekitaar- en tromstelpartye.

_____

_____ (2)

4.7.2 Beskryf die *melodie*.

_____

_____ (3)

(28 ÷ 2) **[14]**

TOTAAL AFDELING B: 14

OF

VRAAG 5: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)

5.1 Luister na die volgende snitte. Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 26 EN 27 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies vir ELKE snit.

Speel Snit 26 DRIE keer ná mekaar.

5.1.1 **Snit 26**

KOLOM A	ANTWOORD
Wals-tempo	
Franse horings speel die melodie in die inleiding	
Strykers en houtblasers speel legato naby die einde van die uittreksel	
Monofoniese tekstuur	
Houtblasers speel die melodie in die inleiding	
Buigbare maatslag	
Legato-teenmelodie op klarinet en piccolo	
Tremolo-figuur in hoë strykers in die openingsmate	

(3 x 1) (3)

Speel Snit 27 DRIE keer ná mekaar.

5.1.2 **Snit 27**

KOLOM A	ANTWOORD
Timpani en houtblasers speel fortissimo in die inleiding	
Die inleiding sluit 'n tremolo deur die timpani in	
Fanfare deur die tutti-orkes	
Dissonante akkoorde in die inleiding	
Tranquillo assai	
Koor tree in met 'n monofoniese tekstuur	
Melismas	
TTBB	

(3 x 1) (3)

Speel Snit 28 DRIE keer ná mekaar.

5.2 Beskryf DRIE van die volgende musiekkenmerke (5.2.1 tot 5.2.4) wat in hierdie uittreksel gehoor word.

5.2.1 Prominente komposisietegniek

_____

_____

5.2.2 Begeleidingsfiguur

_____

5.2.3 Frasestruktuur

_____

5.2.4 Melodie

_____

(3 x 1) (3)

Speel Snit 29 TWEE keer.

5.3 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

5.3.1 Skryf die titel van die werk neer waaruit hierdie uittreksel geneem is.

_____ (1)

5.3.2 Dui VIER items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 29 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in VIER toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Chromatiese opgaande orkespassasie lei na klimaks	
Poco a poco morendo	
Passasie geneem uit die uiteensetting van die werk	
Fanfare in die koperblasers en houtblasers	
Einde van die ontwikkeling	
Klassieke tydperk	
Simfoniese orkeswerk	
Con forza fortissimo-passasies	
Pedaalpunt in lae strykers	

(4 x 1) (4)

Speel Snit 30 TWEE keer.

5.4 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

5.4.1 Noem die TWEE stemtipes van die twee karakters wat in hierdie uittreksel gehoor word.

_____ (2)

5.4.2 Beskryf die begeleiding voor die intrede van die stemme.

_____

_____ (2)

Speel Snit 31 TWEE keer.

5.4.3 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 31 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Allegretto-tempo met 'n ritardando	
Nabootsing tussen orkes en stemme	
Presto-tempo met 'n stringendo	
Majeur toonsoort	
Mineur toonsoort	
Afgaande vokale sekwens in beide stemme	
'n Resitatief tussen die twee karakters	

(3 x 1) (3)

Speel Snit 32 TWEE keer.

5.5 Dui aan of die volgende stellings wat die uittreksel beskryf WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs (a) en (b) hieronder.

STELLING	ANTWOORD
(a) Die stemming van die uittreksel is koninklik en statig.	
(b) Die uittreksel kom uit Bedryf 2 van *Die Towerfluit*.	

(2 x 1) (2)

Speel Snit 33 DRIE keer ná mekaar.

5.6 Beskryf DRIE moontlike voorbeelde van toonskildering wat in hierdie uittreksel gehoor word.

(3)

Speel Snit 34 TWEE keer.

5.7 Beskryf die volgende eienskappe wat met hierdie uittreksel verband hou.

5.7.1 Frases

5.7.2 Artikulasie

(2 x 1) (2)
(28 ÷ 2) **[14]**

TOTAAL AFDELING B: 14

AFDELING C: VORMANALISE (VERPLIGTEND)

VRAAG 6

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut en luister na die stuk hieronder.

Speel Snit 35 EEN keer om 'n algemene oorsig te gee.



[**LET WEL:** fi = verhoogde f; to = verlaagde t; ri = verhoogde r]

Speel Snit 35 weer.

6.1 Lewer kommentaar op die struktuur van die hele stuk wat jy hoor.
Die eerste seksie is maat 1–8 en die tweede seksie is maat 9–16.

(2 x 1) (2)

6.2 Wat is die verskil tussen die eindes (kadense) van die twee seksies in hierdie stuk?

(2 x 1) (2)

6.3 Lewer kommentaar op die verandering in die tempo in die laaste twee mate.

(1)

6.4 Beskryf die *tekstuur* in hierdie stuk.

(1)

6.5 Beskryf hoe die kadens by maat 4 versier word.

(1)

6.6 Lewer kommentaar op die gebruik van F♯ in maat 13.

(1)

Speel Snit 35 EEN laaste keer.

TOTAAL AFDELING C: 8
GROOTTOTAAL: 30

Kopiereg voorbehou

Kopiereg voorbehou